*Sondag* **11 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 111**

**Fokusgedeelte: Psalm 111:7 (AFR53)**

**God se betroubare handewerk**

As jy Psalm 111 in die oorspronklike taal in jou hande sou neem, sou jy ’n wonderlike patroon daarin opmerk. Elke sin begin met ’n nuwe letter van die Hebreeuse alfabet. In sommige vertalings is daar gepoog om die patroon aan te dui deur die name van die letters (Alef, Bet, Gimel ens.) voor elke nuwe sin te plaas.

Hierdie patroon het gedien as ’n instrument om maklik die inhoud van die Psalm te memoriseer. En wat is die inhoud van dié Psalm? Dit is ’n loflied oor die werke van God. Van A tot Z word daar oor God se dade gesing – die dade van God wat altyd uitloop op dit wat Christus, die Alfa en die Omega, vir ons gedoen het.

Binne die alfabetiese lofprysing van God se werke word spesifieke aandag gegee aan die werke van sy hande (vs 7). Handewerk gaan oor baie persoonlike optrede. As jy iets met jou eie hande maak, dan giet jy iets van jouself as persoon daarin. Dit is nie afsydige besig wees met dinge waaroor jy nie omgee nie. Dit is intensiewe en innige hantering van dit wat vir jou belangrik is.

Op hierdie manier praat die Skrif dikwels van God se werke as die werke van sy hande. Deur sy hande skep Hy (Jes. 48:14), verlos Hy (Deut. 26:8), versorg Hy (Ps. 145:16), vorm Hy (Jes. 64:8) en bewaar Hy ons (Jes. 41:10). Die handewerk van God is so sigbaar in ons eie lewens.

Hierdie handewerk van God is trou, reg en betroubaar (vs 7). Hy is getrou aan sy beloftes deur te doen wat Hy belowe het. Hy handhaaf en onderhou die reg met sy hande. Hierdie werk is baie betroubaar. Soos die geskiedenis getuig van God se handewerk, kan ons ook in ons eie dag daarop vertrou dat die werke van sy hande nie stop nie. In die hande van God moet ons tot gelowige berusting kom soos wat Hy met ons besig is.

*Sing: Psalm 111-1:4*

*Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)*